

## DIE VIA DOLOROSA die weg van smarte

'n Biddende, geestelike pelgrimstog  
van veertien plekke  
op die Kruisweg, in Afrikaans!

*Vir die Lydenstyd*



Terwyl ons nadink oor die  
**Via Dolorosa**  
*Die Weg van Smarte*

moet ons onthou wat Christus gedoen het,  
en ootmoedig begeer om steeds nader  
aan die Here te lewe

en  
besluit om Jesus liewer te hê!

### Jesus op die Olyfberg Eerste plek op die kruisweg

"Vader ... laat die beker by My verbygaan" het Jesus in Getsemane gebid.

Jesus het alleen, op sy knieë gebid - met groot nederigheid en gehoorsaamheid:  
"Vader, as dit u wil is, laat die beker by my verbygaan, maar nie my wil nie, laat u wil geskied." (Lk 22:42)

As Hy klaar gebid het, is Hy gereed om die Weg van Smart tot die bitter einde van die kruis toe, te loop. Waarom moes Hy dit doen? Waarom is dit die wil van God vir sy geliefde Seun?

Dis vir ons! Jesus het gewillig die beker van God se wraak oor ons sonde, in ons plek en uit liefde vir ons, tot die bodem toe geledig! O, wat 'n seën, wat 'n genade - om nooit die oordeel van 'n heilige God hoef te vrees nie!

*Gebed: Here Jesus, ons kan die lewe tegemoet gaan met die wete, dat as ons nederig op ons knieë soek na u wil, U vir ons van u krag sal gee, omdat ons nou deur die straf wat U gedra het, voor u Vader regverdig is. Laat u liefdevolle, barmhartige wil geskied, laat u heerlike Koninkryk kom - ook in my lewe! Amen.*

### Judas se Verraad Tweede plek op die kruisweg.

Lukas 22:47-48: *Terwyl Jesus nog praat, kom 'n klomp mense daar aan. Die een wat Judas genoem is, een van die twaalf, het hulle gelei en nader gekom na Jesus toe om Hom te soen. Maar Jesus sê vir hom: "Judas, verraai jy die Seun van die mens met 'n soen?"*

Judas gebruik 'n teken van respek en liefde vir jou onderwyser, 'n groet met 'n soen, en verander dit in 'n daad van kwaadwillige verraad. Dit was die gebruik in die tyd van Jesus dat dissipels hul rabbi met 'n soen sou groet om respek en onderdanigheid te betoon. Dit was baie soos 'n seun wat vandag sy pa sou soengroet.

Hoeveel keer bely ons nie met uiterlike eerbied vir Jesus as Here nie - soen Hom soos Judas as ons leermeester, maar in ons hart versterk ons voortdurend weer en weer onself as die werklik heer / baas van ons lewens? Hoeveel keer het ons nie al vir Jesus aanbid nie - in woord en lied - en net daarna het ons Hom met ons mond - nie met 'n soen nie maar met woorde en gedagtes - opnuut uit ons siel en uit ons werke geban nie?

*Gebed: Here, al hou ek niks daarvan om dit te erken nie, is dit tog so dat daar 'n stukkie Judas in my skuil. Ek het al soveel beloftes aan U gemaak - sommige selfs met die kerk as getuie - net om dit weer alles oorboord te gooi deur die manier waarop ek lewe. Help my om te sien wanneer my woorde aan U dubbelsinnig en daarom verraderlik is. Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek. Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Net U, Here Jesus Christus, net U alleen - Amen.*

## Jesus veroordeel deur die Sanhedrin

*Derde plek op die kruisweg.*

**Lukas 22: 66-69** *Toe dit dag word, het die Raad van die volk - die priesterhoofde en die skrifgeleerdes - vergader en Jesus voor hulle laat bring. Hulle sê toe: "As jy die Christus is, sê dit vir ons." Maar Hy antwoord hulle: "Al sou Ek dit vir julle sê, sal julle tog nie glo nie; en al sou Ek vir julle 'n vraag stel, sal julle ook nie antwoord nie. Maar van nou af sal die Seun van die mens aan die regterhand van die almagtige God sit."*

Jesus is veroordeel deur die Sanhedrin omdat Hy gesê het dat Hy die Messias is wat die heerlijkheid en mag van God met Hom sal deel. In sy verhoor maak Jesus daarop aanspraak dat Hy *aan die regterhand van die almagtige God sal sit*. Dit was deur die Raad, met die hoëpriester as leier, gesien as duidelike getuienis dat Jesus teen God laster.

Ons wat Jesus volg as persoonlike Redder, moet ook die werk van sy Koninkryk doen deur Hom as Heer van alles, van die hele wêreld te erken - mense wat uitsien na die dag dat dié werk op die Dag van die Here, voltooi sal word.

*Gebed: Here Jesus, help my verstaan wat dit beteken om U as die Christus, die Gesalfde van God en heerlike Koning van alles te bely. Mag dié belydenis lei tot my volledige, getroue volgelingskap van U, in alles wat ek doen. Laat u Koninkryk kom, U wil geskied - netsoos in die hemel, so ook op die aarde. En mag dit vandag nog in my lewe gebeur. Amen.*

## Petrus verloën Jesus.

*Vierde plek op die kruisweg.*

**Lukas 22: 56 - 57** *'n Diensmeisie wat hom in die skynsel van die vuur sien sit het, het hom goed bekyk en gesê: "Dié een was ook saam met daardie man." Maar Petrus het dit ontken deur te sê: "Juffrou, ek ken Hom nie!"*

Hoekom het Petrus dit gedoen? Dit was uit vrees.

Ons kan soms met 'n skokkende vrees in die middel van die nag wakker word en dan kan ons nie weer slaap nie. Dis vrees wat ons verhinder om ons drome na te jaag of om na ander in liefde uit te reik. Vrees maak dat ons onself in tronke toesluit en die sleutel weggooi!

Wat kan die vrees genees? Om op God te vertrou en die Woord van Christus te glo! Vrees word genees deur die kennis van goddelike liefde, wanneer ek weet wat Jesus vir my op die *Via Dolorosa*, die Weg van Smart, gedoen het.

Vrees word nie deur rasionalisering of deur selfbeheersing beheer nie. Vrees word oorkom deur te leer hoe om volledig op die liefdevolle sorg van God te vertrou, wetende dat Hy my nooit sal verlaat nie.

*Gebed: Vergewe my, dierbare Here, wanneer vrees my verhouding met U belemmer! Vergewe my vir elke keer toe die manier waarop ek volg as gevolg van my vrees nie aan u verwagtinge voldoen het nie. Vergewe my toe ek nie volledig op U vertrou het nie, al het U bewys dat ek U altyd kan vertrou. Amen.*

## Jesus gevonnissen deur Pontius Pilatus.

*Vyfde plek op die kruisweg.*

Pilatus verteenwoordig mense wat weier om verantwoordelikheid te aanvaar vir hulle verkeerde dade. Dit was Pilatus wat die vonnis uitgespreek het wat Jesus na die kruis gestuur het. Maar hy doen dit so dat dit die indruk skep dat hy onskuldig is aan die bloed van Jesus. Hy was sy hande in onskuld.

*Mat 27:23-24 "Pilatus vra: "Watter kwaad het Hy (Jesus) dan gedoen?" Maar hulle skreeu nog harder: "Kruisig Hom!" Toe Pilatus sien dit help niks nie en dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water gevat en voor die skare sy hande gewas en gesê: "Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie Man. Dit is julle verantwoordelikheid."*

Hoe dikwels blameer ons ander vir ons sonde? Hoeveel keer ontken ons aanspreeklikheid vir wat ons verkeerd doen en verkies om die skuld op ander te laai.

Dit lei daartoe dat ons dikwels nie net ander onskuldig blameer nie, maar ook dat ons die geleentheid om vergifnis te ontvang, misloop. As ek ander aanspreeklik hou vir my sonde, dan sal ek dit nie bely nie. Dit sal veroorsaak dat ek nie die genade van God wat ek deur volledige vergifnis sou ontvang, kan geniet nie. .

*Gebed: Liewe Heer, ek kan so maklik myself mislei om te dink dat ek nie regtig iets verkeerd gedoen het nie. Help my dat ek my sonde beide aan U en aan myself sal erken, en nie myself sal regverdig met infantiele, waardelose verskonings en selfverdediging nie. Deur u Gees, laat my tog toe om duidelik te sien hoedat ek u plan met my lewe misloop en my roeping versaak, sodat ek opreg sal wees in my sonde belydenis en volledig deur U, in Christus Jesus, vergewe sal word. Here, my hande sal nie skoon wees, voordat ek in die bloed van die Lam gewas is nie. Amen.*

## Jesus is gegeisel en met dorings gekroon.

*Sesde plek op die kruisweg.*

*Die soldate het 'n doringkroon gevleg en dit op sy kop gesit. Hulle het vir Hom 'n pers mantel aangetrek en herhaaldelik nader na Hom toe gekom en gesê: "Ons groet u, Koning van die Jode!" En elke keer het hulle Hom geklap. Joh 19:2 & 3*

Dis wrede ironie dat Jesus nou uiteindelik die woorde hoor wat Hy verdien: *"Ons groet U, Koning van die Jode!"* Dis onverstaanbaar! Jesus, die ware Koning van Israel moet pyn en bespotting, en 'n doringkroon verduur as deel van sy vernedering ter wille van ons verlossing.

## Gebed

*Genadige Heer, vol van ontferming! Dis vir my swaar om van u lyding, selfs voordat U gekruisig is, te lees. Ek kan maar net "Dankie!" sê dat U die pad van smart en skande ter wille van my geloop het. U het die marteling ervaar wat ek verdien - en U skenk aan my u heerlijkheid daarvoor. Help my, liewe Heer, om U altyd as my Koning te eer, in alles wat ek doen. Amen.*

### **Jesus neem sy kruis op.**

*Sewende plek op die kruisweg.*

Selfs al is dit Romeinse soldate wat Jesus uitlei om gekruisig te word, is dit Hyself wat kies om die kruis op te neem en te dra - die soldate het bloot gedoen wat Jesus gesê het hulle sou doen.

Al het hulle Hom "weggelei om Hom te kruisig" (Markus 15:20), was Jesus geen passiewe slagoffer nie. Jesus het sy kruis opgeneem, want Hy het liefdevol die Weg van Smart gekies. Hy het geglo dit was God se wil vir Hom, die weg waardeur Hy sy Messiaanse bestemming sou bereik. Jesus het gekies om te ly, sodat Hy onder andere Jesaja se visioen van die Lydende Knecht van God, sou vervul. Hy was die een wat "verag en deur die mense verstoot was, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra."

Aanvaar in geloof dat Jesus "oor óns oortredings deurboor is, oor óns sondes is Hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op Hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom." (Jesaja 53:3-5).

### **Gebed:**

Liewe Heer, U het die kruis gekies. Hoe kan ek U ooit dank vir so 'n kosbare keuse? Omdat U die kruis opgeneem het, kan ek nou die lewe in al sy volheid opneem. Omdat U uitgelei is na Golgota om te sterf, word ek uitgelei na die ewige lewe. Omdat U my sonde gedra het, kan ek volmaakte vergifnis geniet! Hoe goed is U nie vir my nie, o Here, my Verlosser! Amen.

### **Simon van Sirene help Jesus om sy kruis te dra.**

*Agtste plek op die kruisweg.*

**Lukas 23: 26:** *Terwyl hulle Hom weglei, gryp hulle 'n sekere Simon van Sirene, wat toe net van buite die stad af gekom het, en sit die kruis op hom om dit agter Jesus aan te dra.*

Jesus nooi ons uit om ook ons kruis op te neem en Hom te volg en bied aan ons die belofte van oorvloedige lewe as ons dit doen. "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg, want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou." (Lukas 9: 23-24).

**Gebed:** Dierbare Heer, ek moet ook my kruis opneem en U volg. Soms bied ek weerstand teen hierdie roeping, self al weet ek dat as ek aan myself sterf, sal ek die ware lewe vind. Help my Here om my lewe ter wille van U te verloor en my kruis op te neem, want ek begeer ook die oorvloed van die lewe in u Koninkryk. Amen

### **Jesus ontmoet die vroue van Jerusalem.**

*Die negende plek op die kruisweg.*

**Lukas 23:27- 28** *'n Groot menigte van die volk het agter Jesus aangeloop, onder wie ook vroue wat oor Hom getreur en gehuil het. Maar Jesus het na hulle toe omgedraai en gesê: "Vroue van Jerusalem, moenie oor My huil nie, huil oor julleself en julle kinders."*

Jesus het nie as 'n hulpelose slagoffer van Romeinse of Joodse onregverdigheid gesterf nie. Hy het gekies om gehoorsaam aan die wil van sy Vader aan die kruis te sterf en die sonde van die wêreld te dra. As enige iemand die skuld vir die dood van Jesus moet aanvaar, is dit elkeen wat gesondig het. As ons sien hoe Jesus gekruisig is, huil ons saam met die vroue van Jerusalem - maar nie oor Jesus se keuse om te sterf nie, maar oor onself, want in sy lyding sien ons wat ons eintlik verdien - en dit gee ons rede om te treur oor wie ons werklik is!

**Gebed:** Vader, mag my tranes oor die lyding van Jesus die gevolg wees van my berou oor my sonde wat U soveel pyn gekos het. Verander my hartseer oor my sonde in heerlike vreugde oor u majestueuse ontferming. Amen

### **Jesus is gekruisig.**

*Tiende plek op die kruisweg.*

**Lukas 23: 33 :** *Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen genoem word, het hulle Hom daar saam met die misdadigers gekruisig, die een aan sy regter- en die ander een aan sy linkerkant.*

Jesus is op die Kopbeenplek gekruisig. Die ander Evangelies noem dit Golgota, 'n Griekse transliterasie vir "plek van die kopbeen".

Jesus se dood het werklik plaasgevind - op 'n plek wat werklik bestaan en op 'n spesifieke dag en werklike tyd, soos die Skrif ons leer. Daar het ons wonderlike Here gely en gesterf vir die sonde van die wêreld - ja, ook vir my sonde. Ek wil graag die werklikheid van sy offer vir my ervaar.

Die gebeure van die *Via Dolorosa* nooi my uit om Jesus op die lydensweg te volg, sodat ek 'n dieper verstaan en dankbaarheid van al die seën wat dit vir my bring kan ervaar en ek aan Hom met groter toewyding dankbaar kan wees vir hierdie seën, wat ek so maklik as vanselfsprekend kan beskou.

**Gebed:** Genadige Heer, hoe kan ek U ooit genoeg dank dat U aan die kruis vir my gesterf het. U dood het aan my die lewe gegee. U offer het my seën geword. Ek bely dat ek soms u dood as vanselfsprekend aanvaar, Here, of selfs vergeet wat u vir my gedoen het en dat ek U nie genoeg daarvoor dank nie. Vergewe my Here. Selfs al was ek nie daar nie, mag die werklikheid van u kruis, u soenoffer, vir altyd 'n indruk op my maak en my hart met dankbaarheid vul! Amen.

### **Jesus beloof die Koninkryk aan 'n gekruisigde rower.**

*Elfde plek op die kruisweg.*

**Lukas 23:39-43:** *Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom gelaster deur te sê: "Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself en ons ook!" Maar die ander een het hom tereggewys en gesê: "Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man! In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons dade. Maar hierdie man het niks verkeerd gedoen nie." Verder sê hy: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom." Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."*

As dié gekruisigde krimineel hoop gehad het op die ewige lewe, dan kan ek en jy dit ook hê. Ons hoop, nie op grond van ons eie goedheid of werke nie, of ons goeie bedoelings nie, maar op grond van die ontferming van God.

**Gebed:** Genadige Heer, dankie vir u ontferming. U gee nie aan ons wat ons verdien nie, maar oneindig meer. Dankie dat U na my geroep luister en my ook altyd onthou. Dankie vir u belofte van die Paradys na hierdie lewe. In U teenwoordigheid sal my vreugde volmaak wees. Amen.

### **Jesus aan die kruis, sy moeder en sy dissipel.**

*Twaalfde plek op die kruisweg.*

**Joh 19:25-27:** *By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena gestaan. Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.*

Jesus het seker gemaak dat sy moeder liefde sou ontvang en versorg sou wees na sy dood - en uiteindelik ook na sy hemelvaart. Wanneer ons nadink oor die betekenis van die kruis van Jesus, dan herinner Maria se teenwoordigheid ons daaraan dat 'n diep menslike drama ook hier afspeel.

Dat Hy ware mens was, herinner ons aan die sekerheid van God se verlossingsplan en sorg vir hulle wat Hy liefhet.

**Gebed:** Wanneer ek aan u moeder dink, Here, onthou ek dat U nie net die Seun van God is wat die sonde van die wêreld gedra het nie, maar ook die seun van Maria - die seun wat sy liefgehad het. Dit raak my diep as ek herinner word daaraan dat U ook ware mens was, want as ware mens het u werklik gely. U het waarlik die sonde van die wêreld gedra - en U het my sonde gedra. Alle lof, eer en dank aan U, my Here Jesus Christus. Amen.

### **Jesus sterf aan die kruis**

*Dertiende plek op die kruisweg.*

**Lukas 23:44-47:** *Dit was al omtrent twaalfuur, toe kom daar duisternis oor die hele land, en dit het tot drie-uur geduur; die son het opgehou om te skyn. Die voorhangsel in die tempel het middeldeur geskeur. Jesus het hard uitgeroep: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor." Na hierdie woorde het Hy die laaste asem uitgeblaas. Toe die offisier sien wat gebeur het, het hy God geprys en gesê: "Hierdie man was werklik onskuldig."*

Omdat Jesus regverdig was, omdat Hy onskuldig was - nie net ten opsigte van die misdade waarvoor Hy gekruisig is nie, maar onskuldig aan enige oortreding, was Hy in staat om baie regverdig te maak en die sonde van baie te dra. Hy was die vlekkelose Lam, die soenoffer vir ons almal - ja, ook vir my.

**Gebed:** Barmhartige Here, dankie vir U volmaakte lewe en u soendood. Dankie dat U my sonde gedra het en u geregtigheid in ruil daarvoor vir my gegee het. Ek kyk vandag met verwondering na die kruis. Ek is verstom oor U gewilligheid om vir my te ly en te sterf - die Regverdige, vir die onregverdige. Amen.

### **Jesus word begrawe**

*Veertiende plek op die kruisweg.*

**Lukas 23:50-54:** *Daar was 'n man met die naam Josef, afkomstig van 'n Joodse dorpie Arimatea. Hy was 'n goeie en opregte man en het die koms van die koninkryk van God verag. Hoewel hy lid van die Joodse Raad was, het hy nie met hulle besluit en optrede saamgestem nie. Hierdie man het na Pilatus toe gegaan en die liggaam van Jesus gevra. Nadat hy dit van die kruis afgehaal het, het hy dit in linne toegeedraai en in 'n rotsgraf neergelê waarin nog nooit tevore iemand begrawe was nie. Dit was Vrydag, en die Sabbat het al begin aanbreek.*

Die begrafnis maak dit duidelik waar Jesus opgestaan het. Dit maak dit ook heeltemal duidelik dat Jesus werklik dood was - dat Hy werklik gesterf het.

Die hoofdoel van die *Via Dolorosa* en die herinnering aan veertien belangrike gebeure langs die pad, is om ons diep bewus te maak van die misterie en barmhartigheid en veral die werklikheid van die kruis, sodat ons in waarheid die liefde van God met krag sal ervaar, terwyl ons so saam met Hom op dié pad stap.

**Gebed:** Here Jesus, ons onthou dat u werklik gely het en gesterf het. U het die finale straf vir ons sonde en vir my sonde gedra. Die werklikheid van u dood open vir my die deur tot die werklike, ware lewe. As ek hierdie onbegryplike genade oordink, kan ek nie anders nie as om uit te roep: "U grote liefde, is dit vir my? Moes U, my God, vir my so ly?" Amen!